Graad Leeskaart Voëls

1. Voëls is die enigste lewende wesens met vere. Dit hou hulle warm en droog, en help hulle om te vlieg. Ons kan verskillende soorte voëls aan die vorm en kleur van hulle vere uitken.
2. Voëls se vere word gereeld vervang. Hulle verveer gewoonlik na die broeityd. Net ‘n paar vere op ‘n keer val uit sodat hulle nog kan vlieg en warm kan bly. Party eende en dobbertjies verloor al hul slagvere gelyk. Hulle kan nie vlieg voor die nuwes uitgekom het nie.
3. Verskeie voëls verander in die broeiseisoen van kleur. Die rooivinkmannetjie verander van ‘n dowwe, gespikkelde bruin tot helderrooi en swart. Hy bou ‘n paar neste en lok dan wyfies na die neste deur sy helder nuwe vere op te pof en luidkeels te sing waar hy op ‘n rietsteel sit.
4. Dobbertjies en langtone bou drywende neste wat gewoonlik aan ‘n nabygeleë plant geanker is sodat dit nie wegdryf nie.
5. Wetenskaplikes merk voëls om hul trekgewoontes te bestudeer en vas te stel hoe lank die voëls gelewe het. Dit word gedoen deur ‘n ligte metaalringetjie om een van die voël se bene te sit. Die ringetjies het ‘n adres en ‘n unieke nommer sodat iemand wat ‘n gemerkte voël kry (lewendig of dood), die wetenskaplikes kan laat weet en die inligting aangeteken kan word.
6. Party voëls kan eet en slaap terwyl hulle vlieg! Die Europese windswaeltjies kan tot nege maande lank vlieg, en stop net om nes te maak.
7. Die meeste voëls het vier tone, drie voor en een agter. Partykeer is die agterste toon swak ontwikkel soos by eende en dobbertjies. Spegvoëls, koekoeke en papegaaie se tone is ongewoon gerangskik. Hulle het twee tone voor en twee agter.
8. Dikkoppe is ‘n soort nagvoël. Hulle het groot oë om soveel lig as moontlik in te laat. Hulle moeg goed kan sien om insekte te kan vang. Bedags rus hulle gewoonlik stil onder bosse en hardloop

kop onderstebo weg as hulle gesteur word. Teen sononder sal hulle bedrywig raak en kan ‘n mens hulle dikwels hoor roep. Hulle is ook op bewolkte dae te sien.

9. Die koekoek is ‘n broeiparasiet! Hulle lê gewoonlik hul eiers in ander voëls se neste! Sommige koekoeke lê eiers wat net sos die van die gasheervoël lyk. Daarom merk die gasheervoël nie altyd die koekoekeier op nie. Wanneer die koekoekeier uitbroei, voer die gasheervoël hom . Teen die tyd wat hy die nes verlaat, is hy dikwels groter as hulle!

10. Die swerfvalk vlieg die vinnigste en hy kan met ‘n spoed van 350 km per uur op sy prooi afduik! Die gryskapokvoël is die kleinste in Suider-Afrika en is maar sowat agt sentimeter lank en weeg ses gram, soveel soos ‘n dosie vuurhoutjies. Die kroonarend is die sterkste, hy gebruik juis sy pote om sy prooi dood te druk.